

1 Kor.13
Estomihi 7 Febr. 2016

Lê julle toe op die beste genadegawes - en ek wys julle nou wat die allerbeste is:

Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie, het ek 'n stuk klingende metaal, 'n galmende simbaal geword.

Al het ek die gawe van profesie en ken ek al die geheimenisse en besit ek al die kennis en al het ek al die geloof om berge te versit, maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks.

Al deel ek al wat ek het aan ander uit, en al gee ek my liggaam prys om my daarop te kan beroem, maar ek het geen liefde nie, baat dit my niks.

Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. Dit handel nie onweloweglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.

Die liefde vergaan nooit nie, maar die gawe van profesie sal verdwyn, die gawe om in ongewone tale en klanke te gebruik, sal ophou, en diè van kennis sal uitgedien raak. Want ons ken maar gedeeltelik, en ons profeteer maar gedeeltelik, maar wanneer die volledige kom, sal wat gedeeltelik is, uitgedien wees. Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind. Maar nou dat ek 'n man is, is ek klaar met die dinge van 'n kind.

Nou kyk ons nog soos in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is. Nou ken ek net gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle ken soos God my nou ten volle ken.

Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is.
1 Kor 13:12



En nou: geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie. En die hoogste hiervan is die liefde!

Liewe bruidspaar ... nee, liewe gemeente, julle verstaan waarom hierdie hoofstuk die toptreffer by baie huwelikssermonies bly - die bruidspaar wil hul' liefde vir mekaar betoon en nog meer leer wat is eintlik die liefde? So, kom ons begin by die vraag: **Wat is dan liefde?** (Vra vir gemeentede)

Ek het na 'n toespraak gehoor van 'n professor wat sê, dit was die vraag van sy jeug af en hy't na 30 jaar se filosofie en sosiologie maar by die antwoord uitgekom: Liefde is wat jy ook as liefde ervaar. Nou luister ek so daarna en ... nouja, ek het ook al heelwat jare se huweliksvoorbereidingsessies agter die blad en telkens vra ek die paartjie: Julle sê, julle is lief vir mekaar - wát is julle vir mekaar? Wat beteken hierdie *liefwees*? Ek dink, dis korrek wat die edeleagbare professor as definisie weergegee het en dit kan hy as ateïs en filantroop met alle vrymoedigheid ook só sê. Maar as Christen en iemand wat aan 'n persoonlike God glo, is dit net té dun. "Liefde is dit wat jy as liefde aanvaar" - maak die deur oop vir enige iets onder die son. En ek dink aan die sielkundige afwykings in ons samelewing soos byvoorbeeld sardiste (mense wat satisfaksie kry as hulle ander mense seermaak) en masogiste (mense wat genot vind as hulle seergemaak word), dan sou ons hulle eintlik net so moet los soos hulle is. En tog kry ons die gevoel van: dit is pervers, dis verkeerd, dis afbrekend, nie waar nie? Sulke mense het hulp nodig. Daar moet herstel plaasvind. Daar is ander maniere om die mooi en vervulling van liefde te leer ken.

Ook in die gemeente te Korint was daar heelwat verwronge idees van wat is *liefde*. (1) Ons dink aan die wetywering wat tussen lede plaasgevind het wie het dan nou die beste geestesgawe ontvang. Paulus wys hulle die beste weg, die hoogste genadegawe van *die liefde*. (2) Ons dink daaraan hoe ryk en arm mense hul' kos afsonderlik na die erediens geëet het - hulle wou nie meng nie, en dan noem hulle dit nog die liefdesmaaltyd. Nee, dit was nie goed nie. Daar is waardes wat uit die geloof groei, of te wel wat bots met die wese van verbondenheid met Christus.

(3) En ons dink aan die sogenaamde tempel van liefde wat in Korint gestaan het. Vir die liefdesgodin Afrodite, het veral mans graag hulde gebring, want daar was tempelprostituë aan die orde van die dag - as jy vrugbaarheid wil vermeerder, dan gaan jy sommer toets of jou vrugbaarheidsorgane dan funksioneer; en die godin mag vir jou dan ook in ander opsigte vrugbaarheid waarborg soos op die saailande of in jou besigheid. Van die gemeentelede het ook sou nou-en-dan daar 'n draai gaan gooi, want nou ja, dis wat mense doen, waarom dan nie?



Wel, dis nie so vreemd in hedendaagse lewe nie. Hoe sê hulle?

Vroër het *monogamie* beteken, jy bly saam met een eggenoot jou hele lewe lank. Vandag beteken *monogamie* jy bly saam met een vrou een-na-die-ander.

Paulus spandeer hoofstukke lank daaraan om te verduidelik dat so iets onmoontlik is. (1) Daar is geen ander gode wat vir jou vrugbaarheid kan waarborg nie as slegs die een Here God. (2) As jy met 'n ander vrou omgang het, word jy met haar een in vlees. Dis ondenkbaar soos God dit bedoel het want wat God saamgevoeg het, is 'n eenheid. (3) Het Paulus verduidelik dat alle ander sondes buite jou liggaam plaasvind, maar egbreuk met seksuele omgang is 'n sonde wat binne jou liggaam plaasvind. (4) Ek voeg nog 'n rede by, dat die hele samelewing geraak word. Alle mense met wie jy verbonde is, familie en vriende, kolegas en dan soos in Korint die gemeentelede word geraak. Soos baie mense geraak word wanneer twee mense trou en saam vier, so word die samelewing gebreek wanneer twee mense skei.

Liefde is wat jy ook al as liefde ervaar? Nee, wag 'n bietjie. Daar moet mos méér wees as wat sintuie beleef of ons self in ons koppe voorstel.

So vra ons met goeie redes vir eers na die oorsprong van die liefde. Is die mens wat instaat is om lief te hê nou maar net só gemaak? Is dit maar slegs in ons DNA “ingebou”? Het die Evolusie maar net so 'n fenomeen per toeval laat ontstaan, dat mense ter wille van oorlewing 'n voortplantingsdrang en samehorigheidsgevoel ontwikkel het wat ons so naïef *liefde* noem?

Dis nie om dowe neutte dat ek alreeds in die Afr OuVertaling die woord “lief” en “liefde” en “liefgehad” amper 200 kere alleen in die Nuwe Testment vind. Die Bybel borrel oor van liefde en nogmals liefde. En hier in 1 Kor 13 vind ons die hooglied van die liefde in sy volle luister en heerlijkheid. Waarom? Omdat, soos Johannes dit in sy brief klinkklaar duidelik uitspel: **God is liefde!** (1 Joh 4:8+16)

Die oorsprong is God self. Dit is nie slegs 'n *eienskap*, iets afsonderlik wat by God hoort nie, nee, Hy is die liefde. Maw wanneer ons dit ook al met liefde te doen het – erotiese liefde, vriendskap, hou van, beproefde edele liefde of verlange na liefde (verwronge soeke soos prostituë) - dan het ons dit met God te doen. Hierdie insig behoort ons met geweldige ontsag te vul. Ek wil amper sê: trek jou skoene uit want die grond wat ons betree, is heilig.

Die liefde het die vermoë om die hele skepping voort te bring. Nie dat God ons nodig gehad het nie, maar Hy wou vir jou en my doelbewus hier op aarde hê. En God skep deur mense; ook ek en jy uit die liefde tussen man en vrou gebore. Daarom is die eenheid tussen man en vrou, 'n afbedling van die ewebeeld van God.

[En is dit nie merkwaardig dat wanneer mense wat egbreuk gepleeg het, gevra word: waarom het jy dit gedoen? Dan is een van die antwoorde dikwels: ek het ongelooflik lewendig gevoel; ek het vitaliteit bespeur; energie en krag het in my opwoel. Maar waarom dan buite die grense van die bepaalde raamwerk uitbreek?] Het God die hele skepping dan uit liefde voortbring, dan sien ons dadelik dat die liefde ook met orde gepaardgaan.

En daar is geen grootter opdrag vir die vyand, die duiwel, om hierdie orde omver te werp nie. So lees ons van die begin af in die paradysverhaal dat ook die dood en die ang en wanorde ook in die skepping ingekom het. God kon toe reeds die mense vernietig het, maar hy laat vir Adam en Eva, vir jou en my, nog aan die lewe. Hy gee vir ons sy bepalings en gebooe: binne hierdie raamwerk van die gebooe (spesifiek die huwelik) sal jy die volheid van die liefde ervaar.

En al knik ons die hoof - só, asof ons weet waavan gepraat word - mag ons gerus met ootmoedige nederigheid luister want ons bly ons hele lewe lank oor skooliere van die liefde. Ons weet nie eintlik waarvan ons praat as ons van God se grootste genadegawe praat nie. Hierdie hoofstuk van 1 Kor 13 wil vir ons baie duidelik uitlig sodat ons van die uitwerking van die *liefde* bewus word. As ons verder vra: God is liefde, maar ek kan God nie sien nie? Dan het God self uit sy verborgenheid getree en Jesus Christus mens geword, sodat ons weet wat “God is liefde” beteken. Hy is die hoogste liefde in persoon.

Om hierdie unike, volkome, ware liefde te leer ken, is dit dus onontbeerlik dat ons in die aller eerste plek vir **Christus** leer ken. Christus is God se liefde in Persoon. En nou, wanneer jy meer van Christus en die liefde wil leer ken, kan ons dit soos volg doen: Voeg nou telkens waar die woord “liefde” in 1 Kor.13 staan, die woord “Christus” in en lees die hoofstuk weer: *Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het nie vir Christus nie, het ek 'n stuk klingende metaal, 'n galmende simbaal geword. ...Christus is geduldig, Christus is vriendelik; Christus is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie... Christus bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles...* En as jy nog nie weet wat Christus gedoen het nie, begin om die 4 Evangelies te lees. En lees die boek handeling wat Christus in die Apostels bewerkstellig het. En lees die briewe van die Nuwe Testament hoe die liefde van Christus “uitborrel”. En jy mag weet: Hierdie Christus leef ook in jou. Christus gee jou waarde en geborgenheid. Christus in jou maak jou geduldig, vriendelik, nie afgunstig nie, ens.

God het vir jou die hoogste genadegawe gegee wat juis die verskil maak - die *agapè*-liefde. Soos ons in Christus almal *vergifnis* ontvang, so het ons in Christus ook almal die *liefde* ontvang. Soos ons almal in Christus die *ewige lewe* ontvang het, so pulseer ook in ons are God se *liefde*. Dit is 'n liefde wat die wêreld nie ken nie (hulle volstaan gewoonlik by eros-liefde), omdat hulle Christus nie ken nie. Dit is 'n liefde wat nie gelyk staan aan die soort liefde wat ander Godsdienste verkondig nie, omdat hulle Christus nie ken nie. Hierdie Christus stel jou tot ongelooflike dinge in staat. Christus bou jou op, dryf jou voorentoe tot die voleinding, die perfekte die ewigheid.

Het jy dit? Liewe gemeente: strew dus na die grootste gawe! Die liefde in jou sal jou leer dat elke gawe in die gemeente belangrik is; die wedywering sal ophou en die wederkerige ondersteuning sal momentum kry. Bitterheid en afsydigheid word alleenlik teegewerk as die liefde in jou vergifnis en eensgesindheid bewerk.



Paulus skryf: sonder die liefde is al die ander gawes niks werd nie. Mag ek 'n vergelyking inbring van 'n konstruksie, 'n gebou. Hier in Pretoria het ons baie geboue – huise, winkelsentrums, twee tot 30 verdiepings hoë geboue ... deesdae word hulle almal met sement gebou en met versterkte staal-konstruksie binne in die sement. Sien die liefde soos die sement wat alle sand aanmekaarbind, en die liefde soos die staal-

versterkings, waarsonder geen van die gebou lank sal bly staan nie. Dit mag 'n indrukwekkende gebou wees, maar as die liefde kort, is my lewenshuis soos 'n sandkasteel.

Paulus gee toe dat hy self nog op pad is. Die insigte wat hy kry, kom nie oornag nie. Jy groei in hierdie liefde. Toe jy 'n kind was, het jy slegs ontvang. Jou ouers het jou bemin en jy mag die geborgenheid geniet het, sonder om daarvoor na te dink. Maar nou dat jy 'n volwasse is, nou dat jy bewus word en kan nadink, nou mag jou ook doelbewus in hierdie liefde leef, dit vertroetel, bevorder en aanhelp. Dit veg moed om te bely dat jy die ware liefde (agapè) nie ken nie. Maar dit sou lafhartig wees om jou daarin te berus dat jy nou maar net 'n swak mens is. Nee, staan op en doen iets daaraan! God het jou tot koningskind verklaar. Hy verwag daarom ook dat jy soos 'n koningskind sal lewe.

Daarom is hierdie hooglied van die liefde nie slegs 'n hoofstuk van vertroosting en verkwikking nie, maar ook 'n oproep om te wees wat jy reeds is. *Die liefde in jou* dryf jou om weer lief te hê, om te groei, om op te bou, om nog meer te strew, om tot dieper insig en kennis te kom.

Dit is hierdie liefde wat jou dryf om nuuskierig te wees, om te leer, te ontdek en om God se stem te hoor. Dit is hierdie liefde wat vir jou die oë open dat jy en ek erken: God vir ons sy volle liefde. In Christus is alle hemelse se?n vir jou tot beskikking: *So lief het God die wêreld gehad, sodat Hy sy geliefste seun vir jou en my aan die dood oorgelewer het, sodat elkeen wat in HOM glo nie verlore sal gaan nie, maar die volle, ware lewe sal ontvang.*

Laat ons ten slotte nog een keer na die gemeente terug keer. Hoe sal God se liefde gestalte kry wanneer ons mekaar nou in die gemeente ontmoet? As een van die kenmerke van die gemeente *die liefde* is, hoe leef ons dit dan prakties uit?

Een praktiese voorbeeld: Ons ontvang die vermoë om 'n houding van aanvaarding en eensgesindheid te kweek. Ons is instaat om 'n atmosfeer van wedersydse respek ten waardering te bevorder. Hoe doen ons dit? Kom ons sê vir mekaar:

Ek gee vir jou die belofde:

- dat ek eerlik is teenoor jou, dat ek openlik en hartlike met jou sal omgaan;
- dat ek nie boek sal hou oor al jou sondes nie, nie dit teen jou sal hou of in argumente jou sal beskuldig;
- dat saam met jou bly sal wees oor jou sukses en jou sal help om nog beter te doen;
- dat ek jou swak punte nie sal uitbuit nie of grappies daarvoor sal maak nie;
- dat ek sal ondersteun en aanvul na die beste van my vermoëns....

Om dit te kan doen het ek jou belofdes nodig:

- dat jy eerlik is teenoor my;
- dat jy openlik en hartlike met my sal omgaan;
- dat jy nie boek sal hou oor al my sondes nie, nie dit teen my sal hou of my in argumente sal beskuldig;
- dat jy saam met my bly sal wees oor my sukses en jy my sal help om nog beter te doen;
- dat jy my swak punte nie sal uitbuit nie of grappies daarvoor sal maak nie;
- dat jy my sal ondersteun en aanvul na die beste van jou vermoëns....

Sien, in hierdie atmosfeer weerspieël ons **Christus se houding** teenoor ons. In hierdie atmosfeer word gemeente gebou. In hierdie atmosfeer kan ons almal groei in wysheid, insig en nog verdere liefde. Dit is die liefde wat nie uit eie wilsbesluit of menslike krag voortkom nie, maar uit die goddelike liefde en ontverming. Jy wat die "Liefdesbrief van God" (=die Bybel) lees en God leer ken het; jy wat in die wonderlike Drie-enige God ingedoopt het en in die gemeenskap van God leef - **jy hét hierdie liefde!** Amen.

Gebed: Here Vader, U was eerste lief vir ons. Voordat ons gemaak is, voordat die berge en die see en alles geword het, het U reeds in liefde besluit om my te maak. Ek wil my open vir U liefde; ek wil dit waag om deur mense bemin te word; ek wil angs en teleurstellings oorwin en myself aan U uitlewer. Help my om te bemin soos Christus my bemin het. Help my om sondes te bedek, om te hoop en aktief te word. Help my om vanmyself los te kom en die vreugde te ontvang wat U vir my gereed hou.



En mag die vrede van God wat alle verstand te boewe gaan, julle bewaar in Christus Jesus, onse Here. Amen.